# HOOFSTUK III.

## DIE MORAWIËRS HERVAT HULLE OPVOEDKUNDIGE WERKSAAMHEDE ONDER DIE HOTTENTOTTE, 1792 - 1806.

### 1. Hernude pogings en gunstige omstandighede.

(a) Hernude pogings i.v.m. die evangelisering en opvoeding van die Hottentotte was in 'n groot mate te danke aan 'n kragtige godsdienstige herlewing in Duitsland, Frankryk en Brittanje wat gedurende die agtiende eeu plaasgevind het. So het die gesaghebbendes te Herrnhut nooit die volgelinge van Schmidt te Baviaanskloof uit die oog verloor nie, maar ten spyte van die godsdienstige konserwatisme wat destyds in Nederland en Suid-Afrika die botoon gevoer het, na elke gunstige geleentheid gesoek om sy werk te hervat.

In 1748 het Johann Martin Schwäbler (Schwebler) wat vyf jaar in diens van die Hollands Oos-Indiese Kompanjie gestaan en deur middel van Schmidt tot bekering gekom het, sy dienste vir hierdie doel aan die graaf Von Zinzendorf aangebied. Nadat hy toestemming ontvang het, het hy op eie koste 'n reis na Suid-Afrika onderneem „ostensibly to seek another appointment as an official of the Company, in reality to make his way to the Hottentot community where Schmidt had laboured".[1] Uiteindelik het hy daarin geslaag om Baviaanskloof te bereik en deur middel van hom is die gesaghebbendes te Herrnhut meegedeel hoe vuriglik die gemeentetjie van Georg Schmidt na hulle leraar verlang het.[2] Met leedwese moet egter verklaar word dat hierdie sendingarbeider geen enkele spoor i.v.m. sy werksaamhede nagelaat het nie en derhalwe is ons verplig om die bewering van een van die koloniste te aanvaar „that he was married and was subsequently carried off by an epidemic"[3] waaraan Christian en Josua ook beswyk het. Hoewel die kerstening

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 70.
2. Georg Schmidt en sy opvolgers, 1737-1937, 19.
3. Du Plessis: t.a.p., 70.

van die Hottentotte andermaal gestaak moes word, is die godsdienstige herlewing in Europa wat so nou aan die filantropiese en gevoelvolle filosofie van Rousseau verwant was, op so 'n onweerstaanbare wyse deur 'n sedelike erns en gloed voortgeplant dat dit na die verste kuste uitgebrei het.[1]

(b) Gedurende die laaste helfte van die agtiende eeu het hierdie nuwe godsdienstige gees wat eers 'n stil sylopie van die magtige rewolusionêre vloedgolf was, in Holland en Suid-Afrika begin ingang vind. In hierdie verband was dit veral die bloeiende sendingbedrywighede van die Morawiese Broederkerk in ander dele van die wêreld, meer bepaald dié onder die negerslawe in Suriname, asook die ontstaan van die eerste Morawiese gemeente op Nederlandse bodem in Zeist (1746)[2], wat die Hollanders tot beter insigte van die godsdienstige grondbeginsels van die Broeders laat geraak het en hulle later meer en meer daarmee vereenselwig het.[3]

Vanweë die godsdienstige herlewing in Holland is voortaan groter godsdienstige verdraagsaamheid deur die Here Sewentien aan Protestante in hulle koloniale gebiede verleen. So het die Lutherane aan die Kaap uiteindelik daarin geslaag om na 'n lang stryd wat meer as 'n halwe eeu geduur het, verlof te ontvang om 'n eie kerk op te rig. Nadat hierdie gebou in 1774 deur Martin Melck voltooi en aan die Lutherane geskenk is, het hulle in 1778 en 1779 agtereenvolgens hulle versoek „om een eigen predikant te mogen beroepen"[4] by die Regering herhaal. Hierdie slag is hulle versoek toegestaan, op voorwaarde dat dit nie die minste onkoste vir die Regering moes meebring nie. Nadat ds. Andreas Kolver op 22 November 1780 as hulle eerste leraar verwelkom is, het hulle in die daaropvolgende maand alles i.v.m. die stigting van 'n gemeente in die haak gebring.[5]

---

1. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 26.
2. Landwehr: Handboek der Kerkgeschiedenis, Deel 3, 138.
3. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 71.
4. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 8.
5. Theal: History of South Africa, Before 1795, Deel 3, 229-230; Du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Kompanjie, 1652-1795, 249.

Deur hierdie vergunning van die Politieke Raad is die beginsel van cujus regio, illius religio nie alleen vir goed die kop ingeslaan nie, maar dit het ook aan ander denominasies die reg verleen om dergelike versoeke aan die Owerhede te rig.

(c) Voorts moet daarop gewys word dat met ds. Helperus Ritzema van Lier die godsdienstige herlewing in Suid-Afrika begin het. Van Lier is in 1764 in Nederland gebore en na 'n skitterende universitêre loopbaan het hy onder piëtistiese invloede tot 'n kragdadige bekering gekom. In Oktober 1786 het hy ds. Borchards wat as leraar van die Nederduits-Gereformeerde Kerk na Stellenbosch vertrek het, te Kaapstad opgevolg. Van hom getuig Gie as volg: „Al dadelik het hy 'n groot invloed begin uitoefen. Deur sy evangeliese preke, maar meer nog deur sy omgang en voorbeeld, sy toegewyde gebedslewe en sy brandende begeerte om die vuur wat in hom gegloei het ook in andere te sien opvlam, het die Piëtisme in Suid-Afrika vaste wortels gekry en is die sendingywer ook daarheen gebring."[1] In baie Kaapse families is die meer formele kerklikheid van die agtiende eeu deur 'n gevoellose godsdienstigheid wat in stigtelike byeenkomste en pogings om die Evangelie ook onder die gekleurdes te versprei, uiting gevind het, vervang. Van Lier was nie dieselfde sienswyse as ander Gereformeerde predikante toegedaan nie, maar het volgens die Skrif getuig „dat ook den heidenen het Evangelie behoorde gepredikt te worden, en begon zelf nu en dan voor de Hottentotten en vrijgelatene slaven godsdienst te houden".[2] Sy ideaal om 'n sendinggenootskap te stig, is egter nie verwesenlik nie daar hy op jeugdige leeftyd in 1793 oorlede is.[3]

Voor sy oorlye het hy herhaaldelik probeer om vooraanstaande geestelikes soos professor ? Hofstede en ds. ? Hubert van Amsterdam, te beweeg om Gereformeerde sendelinge na Suid-

---

1. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 26.
2. Geschied-verhaal van Genadendel, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 8.
3. Gie: t.a.p., 26.

Afrika te stuur om die geseënde arbeid van Georg Schmidt voort te sit. Daar sy aansoek nie die gewenste uitwerking gehad het nie, het hy op 6 September 1791 'n skrywe aan Jan Swertner te Fairfield in Engeland gerig waarin hy die Broeders versoek het om sendingwerk in Suid-Afrika te hervat. Hierbenewens het hy hulle ook 'n geskenk van „100 Rijksdaalers a 48 Stuivers ten behoef en ter ondersteuning der bezendingen der Bren. onder de heidenen"[1] aangebied. Voorts wys hy Swertner daarop hoe ds. Hubert te Amsterdam deur die lees van die „Idea Fidei Fratrum" tot die oortuiging gekom het dat die leer van die Morawiese Broeders volkome met die Augsburgse Konfessie ooreenkom en dat hy beloof het om die stuur van sendelinge na die Kaap te bevorder. Daar hy bewus was van die sterk vooroordeel van professor Hofstede, het hy aanbeveel dat „de Heer Von Rantzau of een ander bekwame Broeder den Heer Hofstede verzochte, deeze voorgenomene bezending ook te begunstigen".[2] Verder was hy van mening dat hierdie saak andermaal onder die aandag van die veelvermoënde ds. Hubert gebring moes word en dat die Duitse prins van Oranjen versoek moes word om vir die Broeders as voorspraak op te tree. Aan die einde van sy brief kom hy uiteindelik met die volgende versoek na vore:

„Drie bezendingen zijn hier noodzaaklijk:

(1) onder de Hottentotten die in de landstreeken van Zwellendam en Graaf Raynet onder het oppergezag van de Compagnie woonen.

(2) onder de cafferen, die noordoostwaards van hier zich op de andere zijde van de Vischrivier onthouden, en werwaarts men met de zogenoemde ossen wagens in 30 dagen komen kan.

(3) onder de onafhanklijke hottentotten Hamakwaas en Namakwaas genaamd, welke noordwaards van hier op de andere zijde van de Olijfantrivier woonen".[3]

Dit is dus duidelik dat Van Lier die lot van die inboorlinge besonder sterk aangevoel het en, alhoewel sy idealisme nie verwesenlik kon word nie, is die goeie werk wat deur hom

1. Schmidt: Ds. dr. Helperus Ritzema van Lier, etc., 7.
2. Ibid., 8.
3. Aangehaal, Schmidt: Ds. dr. Helperus Ritzema van Lier, etc. 8.

begin is, deur n aantal koloniste wat hulle verbind het om sekere dae van die week aan die geestelike bearbeiding van Hottentotte en slawe te wy, voortgesit.[1]

(d) Die uiteindelike hervatting van sendingwerk onder die Hottentotte is egter te danke aan die besoek van Johann Friedrich Reichel, n gesaghebbende verteenwoordiger van die Morawiese Sendinggenootskap wat op sy terugreis van Tranquebar in 1787 by Kaapstad aangedoen het.[2] Biskop Reichel is deur die godvrugtige Van Lier welkom geheet en in sy omgang met die dominee het hy die versekering gekry dat die Broeders Georg Schmidt se werk kan kom voortsit.

Op die sinode van 1789 kon die biskop dan meedeel „hoe men aan de Kaap zelf wenschte, dat G. Schmidt's arbeid aan Baviaanskloof mocht voortgezet worden".[3] Vervolgens is biskop C.D. Rothe, leraar van die gemeente Zeist, en baron Erich von Rantzau, argivaris te Herrnhut, afgevaardig om die Here Sewentien te versoek i.v.m. die hervatting van sendingwerk onder die Hottentotte. Die onderhandelings was geslaagd en so is verlof aan die Broeders verleen om sendelinge na Suid-Afrika te stuur ten einde die Hottentotte te evangeliseer en as lidmate van die Christelike Kerk te doop.[4] Voorts het die Direkteure duidelik bepaal „dat deese zendelingen zig niet zullen mogen vestigen op plaatsen, alwaar zig reeds een Christelijke gemeente bevind; en dat zij deese zendelingen niet zullen mogen terug roepen, nog andere in hun plaats stellen, dan na daar toe alvoorens aan ons versoek gedaan, en permissie te hebben bekoomen".[5] Hierdie bepaling het die twee afgevaardigdes afgeskrik omdat hulle bevrees was dat hulle vanweë die vyandige gesindheid teenoor die sending verplig sou word „to remove to an indefinite distance inland, and eventually to settle, not among the Hotten-

---

1. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 26-27.
2. Ibid., 27.
3. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A. 1737-1806, 8.
4. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 71; Resolutiën, Raad der Politie, 18. 12.1792, C. 99, 946.
5. Inkomende Brieven, 1791-1793, C.476, H.H. XVII - Goeverneur, 22.12.1791, Afdeling 122.

tots, but among the Kaffirs".[1] Deur bemiddeling van ? Temmink, die voorsitter van die Here Sewentien, is die afgevaardigdes daarvan oortuig dat hulle vrees ongegrond was en dat dit die goeie voorneme van die Kompanjie was om die sendingbedrywighede van die Morawiese Broeders te bevorder.[2]

So het die Morawiese Genootskap die werk wat in 1744 deur Georg Schmidt gestaak is, in 1792 te Baviaanskloof weer aanvaar, waar hulle die vrugte van die werk van hul voorganger nog onder die Hottentotte wat kon lees, gevind het.

2. Aankoms, opdrag en skepping van opvoedkundige fasiliteite van die kruisgesante: Marsveld, Schwinn en Kühnel.

(a) Op 22 Desember 1791 het die Here Sewentien die Politieke Raad aan die Kaap verwittig dat hulle die Morawiese Broeders die reg verleen het om twee of drie sendelinge na Suid-Afrika te stuur „who could administer the sacrament to any converts they might make", maar verbied is „to occupy ground where Christian churches were already established".[3] Die goewerneur en die Raad het tewens ook opdrag ontvang om die sendelinge soveel moontlik behulpsaam te wees.[4]

Die drie kruisgesante wat die gemeente te Herrnhut vir hierdie doel afgesonder het, was Hendrik Marsveld van Gouda, ŉ Hollander, Daniel Schwinn en Johann Christiaan Kühnel. Die feit dat hulle nog ongetroud en onderskeidelik 47, 42 en 30 jaar oud was, het hulle des te meer geskik gemaak vir die veeleisende taak waarvoor hulle geroep was. Ook was hulle besonder veelsydig, want naas hulle godsdienstige opleiding, was elkeen ook vir ŉ besondere beroep geskoold.[5] Nadat hulle as diakens van die Unitas Fratrum georden is, het hulle na Holland vertrek vanwaar hulle op 25 Junie 1792 met 't Duyfje na Kaapstad vertrek het.[6]

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 72.
2. Ibid.
3. Theal: History of South Africa, Before 1795, Deel 3, 292-293.
4. Ibid., 293.
5. Du Plessis: t.a.p., 72;
   Moffet: Missionary labours and scenes in Southern Africa, 21.
6. Müller: 200 Jahre Brüdermission, Deel 1, 184.

Toe hulle in November van dieselfde jaar in Tafelbaai aangeland het, is hulle deur di. Van Lier en Serrurier en ander christenvriende op ꞌn gulhartige wyse verwelkom.[1)]

(b) Op soek na ꞌn geskikte oord vir ꞌn moontlike sendingstasie, het hulle die Politieke Raad versoek om hulle andermaal die reg te verleen om hulle in Baviaanskloof, die eertydse werkkring van Georg Schmidt, te vestig. Volgens ꞌn besluit van die Raad is hulle op 18 Desember 1792 veroorloof om hulle in Baviaanskloof te vestig, „zijnde een plaats alwaar zig nog niet een Christelijke Gemeente bevind, omme zig aldaar neder te zetten ten einde de Christelijke leere te onderwijzen, hen een Christelijke Gemeente op te rigten, ende sacramenten toe te dienen".[2)] Hierbenewens is die Broeders ook die reg verleen om soveel grond as wat hulle sou nodig hê, te gebruik.[3)]

In verband met die vervoer van die drie sendelinge na Baviaanskloof, is Marthinus Theunis (Theunissen), ꞌn boer uit die omgewing van die huidige Genadendal, deur die Owerhede gelas om hulle te vervoer en van alle benodigdhede te voorsien.[4)] Marthinus Theunis of baas Theunis soos hy in die omgang bekend was, is vanweë die beskerming wat hy aan die Hottentotte verleen het deur sy medeboere as die Hottentotsgod[5)] van die omgewing bestempel. As gevolg van die hoë agting waarmee wit en swart hom bejeën het, het hy as superintendent[6)] van die Kompanjie se veepos te Soetemelksvlei asook veldkornet[7)] van sy wyk opgetree. Nadat alle voorbereidings vir die reis in die haak was, het die geselskap op 20 Desember die Kaap verlaat en, na ꞌn reis van vier dae, per ossewa uiteindelik Baviaanskloof bereik.[8)]

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 72.
2. Resolutiën Raad van Politie, 18.12.1792, C. 99, 946.
3. Theal: History of South Africa, Before 1795, Deel 3,293; Moorrees: Die Nederduitse-Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, 369.
4. Theal:t.a.p., 293.
5. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 10.
6. Theal: t.a.p., 271.
7. Du Plessis: t.a.p., 72.
8. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 10.

Hier het hulle in aanraking met die oorblyfsels van die Chainouqua- en Hessequa-stamme gekom. Net soos hulle voorsate het hulle nog altyd op dieselfde plek gebly, maar vanweë verarming het hulle byna almal op boerplase gewerk. Met verloop van tyd het hulle ook hul taal kwytgeraak en ten tye van die aankoms van die sendelinge, „these people....all spoke the Dutch language, and....were acquainted with the manner of living of Europeans".[1] Van hierdie oorblywende Hottentotstamme het die sendelinge nog omtrent 200 siele in Baviaanskloof aangetref.[2] Hoewel herderloos vir ongeveer 'n halwe eeu, het die gelowige volgelinge van Georg Schmidt voortdurend byeengekom om die Woord van God te ondersoek en daar bestaan genoegsame rede om te glo dat „some who had been baptized by our Missionary (d.w.s. Schmidt) held fast the beginning of their confidence steadfast unto the end, and departed unto the unseen world with a hope full of immortality".[3] Naas die bevordering van hulle kennis aangaande die Skrif, het diegene wat kon lees, ook gepoog om die jeug te onderrig.

Omtrent die omgewing van die eertydse werkkring van Georg Schmidt word die volgende totale indruk in die „Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie", gevind:

> „By Hardebeestkraal zagen zij de oorblijfselen van Schmidts eerste hut, en hun hart werd weemoedig gestemd. In Baviaanskloof gekomen, vonden zij een Hottentotkraal met eenige hutten. Zij vroegen een der bewoners of hij wist waar G. Schmidts huis had gestaan, en dezelfde leidde hen wat verder over de kleine Baviaansrivier naar een plek, waar zij nog gedeelten van muuren zagen, die van G. Schmidts huis overgebleven waren. Niet te ver van daar zagen zij dat een tuin moest geweest zijn, die echter nu eene wildernis geworden was. In het midden echter stonden nog een perenboom en een amandel- en aprikozenboom die Schmidt met eigen hand geplant had, en die, hoewel verwaarloosd, toch nog vruchten draegen, welke, zoo zeiden de Hottentotten, echter jaar na jaar van de Bavianen geplukt en verteerd werden".[4]

By hulle aankoms in hierdie skilderagtige omgewing is die ge-

1. Theal: History of South Africa, Before 1795, Deel 3,293.
2. Georg Schmidt en sy Opvolgers, 1737-1937, 21.
3. Missions in South Africa, 36.
4. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 11.

selskap deur die bewoners omring en, nadat die nuwe leraars die doel van hulle koms aan hulle bekend gemaak het, het baas Theunis die aanwesiges aangemaan om „den nieuwen leeraars gehoorzaam te zijn, hunner leering in toekomst getrouw bij te wonen en aan te hooren, en zich niet te storen aan den spot of de tegenspraak of de dreigementen van andere boeren die hen slechts afkeerig maken wilden".[1] In die werk „Missions in South Africa" word 'n hele boel interessante getuienisse van Hottentotte soos Christiaan Frederick, Beate Linnert, Sarah Kopman en andere waarvan die ouers of grootouers lidmate van die eerste sendinggemeente van Georg Schmidt was, op aangrypende wyse weergegee.[2] Volgens hierdie getuienisse het hulle voorsate soveel voordeel uit die onderrig van die sendingpionier getrek dat hulle hul kinders opdrag gegee het om by die eerste die beste sendeling, met die oog op erudisie, aan te sluit.[3]

Na 'n verblyf van vier uur het die sendelinge in geselskap van Theunis en sy gade na 'n ander Hottentotkraal aan die Sersantsrivier, tans as Snijderskraal bekend, vertrek. Onder die aantal manne en vroue wat hier gewoon het, het die geselskap die tagtigjarige ou Lena (of Magdalena), die enigste oorlewende dopeling van Georg Schmidt, gevind. Toe sy verneem dat die drie sendelinge die opvolgers van haar geliefde leraar was, het sy uitgeroep: „Och God zij dank, nu zal ik mij weer verblijden".[4] Ou Lena het hierop 'n Nederlandse Nuwe Testament[4] wat sy van Schmidt ontvang het, uit twee skaapvelle tevoorskyn gehaal en, hoewel sy weens gebrekkige gesig nie kon lees nie, het haar kleindogter na vore gekom en 'n gedeelte uit Mattheüs, Hoofstuk II, vloeiend voorgelees.[5] Ook hier het baas

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 11.
2. Missions in South Africa, 41-43.
3. Ibid., 41.
4. Geschied-Verhaal van Genadendel, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 11.
5. Sparrman in sy Voyage to the Cape of Good Hope, I, maak derhalwe 'n foutiewe bewering wanneer hy sê: „she (d.w.s. ou Lena) had a German Bible, which she often read....". Sien bl. 213.

Theunis die aanwesiges tot gehoorsaamheid gemaan en hulle versoek om met die oprigting van die nodige geboue behulpsaam te wees.[1]

(c) Nadat hulle Nuwejaarsdag saam met Theunis en sy vrou te Soetemelksvlei deurgebring het, het hulle die wens uitgespreek om na Baviaanskloof terug te keer. Vanhier is hulle dan per ossewa na die plaas van Theunis se seun waar hulle op sy advies ꞌn messelaar opgelaai het wat hulle met die oprigting van ꞌn woonhuis behulpsaam moes wees. Op Baviaanskloof het die elemente so ꞌn skadelike uitwerking op die sendinggeboutjies gehad dat die nuwe leraars eintlik net die bakstene van Georg Schmidt se huisie kon gebruik. So het hulle nie ver van die ou opstal die fondament van ꞌn huis, 36 voet by 15 voet, afgesteek en „de Hottettotten hielpen hen de klippen van Schmidts muratie aandragen en het fondament graven".[2] Toe Theunis teen die aand vertrek het, het die Broeders in Baviaanskloof agtergebly en voorlopig in ꞌn tent wat hulle van hom geleen het, vertoef. Lewensmiddele soos vleis en meel is deur sekere vermoënde basters wat by Voorstekraal woonagtig was en heelwat vee besit het, aan die sendelinge verskaf.[3] Hierdeur is die sendelinge instaatgestel om die Hottentotte wat gratis arbeid gelewer het, van kos te voorsien. Daar hulle met die vorming van bakstene en die opkleiing van buitemure onbekend was, het twee van die sendelinge op 10 Januarie 1793 na Soetemelksvlei teruggekeer en slegs een het agtergebly om toesig oor die bouery te hou. Op 22 Februarie was een vertrek sover voltooi dat Schwinn en Kühnel kon intrek en vier dae later het ook Marsveld ingetrek. In werklikheid het die huisie slegs uit ꞌn woonkamer, slaapkamer en ꞌn kombuis bestaan en was dus uiters beknop met die oog op die verskillende doeleindes waarvoor dit gebruik is. Omdat alles in die teken van

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 12.
2. Ibid., 13.
3. Ibid.

die geloof gestaan het, het die leraars dit op Sondag, die 3e Maart, uit dankbare erkentenis aan die Here gewy.[1]

Met die geestelike bearbeiding van die onkundige Hottentotte is onmiddellik na die aankoms van die leraars begin. So het hulle byvoorbeeld die 9 manne en 10 vroue wat hulle kom verwelkom het, beveel om in die skaduwee van Georg Schmidt se peerboom te gaan sit en met hulle oor Jesus Christus, die Saligmaker gespreek.[2] Alhoewel die Hottentotte omstreeks hierdie tyd Hollands goed kon verstaan, was die geestelike taal en godsdienstige woorde bokant hulle vuurmaakplek. As gevolg hiervan is in die vervolg geen redevoering of preke vir hulle gehou nie, maar deur middel van „een of eenige Bijbelteksten" is dan „den raadsbesluit Gods tot hunne zaligheid in Jezus"[3] in eenvoudige woorde aan hulle verklaar.

Tydens die plegtige inwyding van die sendinghuis op 3 Maart 1793, het die leraars aan alle volwassenes wat in Baviaanskloof woonagtig was, bekend gemaak dat „zij van den naasten dag af geregeld onderricht met hen zouden beginnen".[4] Omtrent die hervatting van die skoolonderrig vertel eerw. R. Schmidt as volg: „Het was op de 4de Maart 1793. Hun woonhuis... .....was juist klaar, en de School zou geopend worden. Daar kwamen ze dan in hun karossen 25 volwassenen op de eerste dag, 41 waren het reeds aan 't einde van de eerste maand, 80 aan het einde van April, -zij kwamen om het woord van God te horen en in de School te leren".[5] Die onderrig het smôrens om agtuur begin en volgens die oorleweringe van die sendelinge het die volwassenes eerste aan die beurt gekom en daarna die kinders. Namiddae was daar weer skool vir die kinders en teen die aand het die volwassenes weer 'n beurt gekry.[6] Oud en jonk was besonder entoesiasties om te begin leer en die Broe-

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendel, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 14.
2. Ibid., 13.
3. Ibid., 13.
4. Ibid., 14.
5. Schmidt, terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 2.
6. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 15.

ders getuig dat dit besonder verblydend was om te sien hoeveel moeite die oues van dae aan die dag gelê het om te leer lees, al het hulle nog nooit vantevore 'n boek gesien nie. Voorts is die sendelinge ook getref deur „the punctuality of their attendance, and the earnestness with which they pressed after improvement".[1)]

Vanuit die staanspoor het die sendelinge streng tugmaatreëls in hulle skool toegepas. Almal wat die skool wou bywoon, moes beloof om op die vermanings van die onderwysers te let en dié wat dit verontagsaam het, „werd hem zijn ABC-boek weder weggenomen".[2)] Omdat die Hottentotte besonder ywerig was en soiets nie kon gedoog het nie, het die sendelinge daarin geslaag om 'n allesins prysenswaardige en goeie orde onder hulle te handhaaf.

Die mees gebruiklike leervakke het lees vanuit die ABC-boek en die Bybel, skrywe en veral godsdiensonderwys ingesluit. Laasgenoemde onderrig het uitsluitlik die verduideliking van sekere gedeeltes van die Heilige Skrif en die lees daarvan behels.[3)] Die eerbiedige wyse waarop die weetgierige Hottentotte die heilswaarhede met aandag ingedrink het,het spoedig by sommige ernstige indrukke laat ontstaan. Sodaniges het gevolglik spesiale onderrig ontvang wat as voorbereiding vir lidmaatskap van die kerk van Christus sou dien. Ten gevolge hiervan kon daar dus voor die einde van 1793 sewe persone gedoop word.[4)]

(d) 'n Ander belangrike aspek van die opvoedkundige werk wat deur die Broeders verrig is, was veral hulle idee om die Hottentotte nuttige arbeid te leer verrig. Die beoefening daarvan het gewoonlik op indirekte wyse geskied en het gepaard gegaan met werk wat hulle in belang van die sending verrig het. In hierdie verband dink ons veral aan die aanlê van 'n tuin vir

---

1. Missions in South Africa, 47.
2. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 15.
3. Missions in South Africa, 47.
4. Smith: The History of Missionary Societies, Deel 1,208.

die sendelinge wat met behulp van die Hottentotte omhein, gesaai en beplant is.[1] Die voorligting wat hulle i.v.m. die bewerking van grond, saai van saad, aanplant van jong plantjies en vrugtebome en aanlê van waterleidings ontvang het, het so prikkelend gewerk dat hulle binne enkele jare Baviaanskloof in 'n ware lushof omgeskep het.

Die skepping van opvoedkundige fasiliteite te Baviaanskloof, het 'n aansienlike toestroming van Hottentotte daarheen veroorsaak. Hierdie eksodus van werkkragte het groot misnoeë onder die blankes van die omgewing gewek. Ten spyte van die waarskuwings van die landdros van Stellenbosch, het baie boere wilde vroue verhinder om die skool by te woon deur hulle kinders weg te steek of om andere op te spoor.[2] Nieteenstaande dit het die lofwaardige pogings van die kruisgesante gou tot aan die verste uithoeke van die blanke bevolking aan die Kaap weerklink. Koloniste wat van tyd tot tyd die kragtige werking van Gods gees onder die onkundige heidene op die sendingstasie gadegeslaan het, „were moved to confess that they could hardly believe that such results were possible as they had personally witnessed".[3]

Ondanks alle teenkanting het die Hottentotte dag na dag na Baviaanskloof gestroom ten einde skoolonderrig te ontvang.[4] Diegene wat reeds 'n endjie gevorder het, het die sendelinge voortdurend kom raadpleeg vanweë die bekommernis oor hulle onsterflike siele. Teen die einde van die tweede jaar het die sendelinge reeds die eerste tekens van 'n geestelike ontwaking onder hulle kudde begin waarneem.[5] Dat hierdie herlewing nie slegs 'n tydelike opflikkering was nie, blyk uit die feit „dat de berouwhebbenden ook begonnen van hun zonden

1. Geschied-Verhaal van Genadendel, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 16-17.
2. Ibid., 15.
3. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 73.
4. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 17.
5. Ibid.:

leven afstand te doen en al geboden Gods na te volgen".[1] Kortom, die arbeid van die sendelinge het dus nie alleen 'n inwendige kentering, maar ook 'n uitwendige verandering onder die Hottentotte teweeggebring. Deur middel van opvoeding en onderwys het die eertydse heidene hulle gewoontes en leefwyses kwytgeraak en „weldra echter begonnen de mannen broeken en hempden, de vrouwen rokken te dragen, en in en rondom hunne bondhokken werd het ook reinlijker en schooner gehouden".[2]

Vanweë die snelle uitbreiding van die bevolking van Baviaanskloof, het die skoolbevolking so gegroei dat daar teen die einde van 1794 reeds 70 kinders, 70 vroue en 30 mans was wat op verskillende tye van die dag onderrig ontvang het. Daar die huis van die leraars te klein was om almal te akkomadeer, moes die onderrig en godsdiens met gunstige weer gewoonlik onder die peerboom van Georg Schmidt gehou word.[3]

Ten einde die akkomodasieprobleem die hoof te bied, het die sendelinge by die Politieke Raad aansoek gedoen om 'n kerk op te rig. Kommissaris-generaal Sluysken het hulle op 30 September 1794 verwittig dat die oprigting van dergelike geboue verbied word omdat veldkornet Theunis, wie se gesindheid teenoor die Sending, in ooreenstemming met die houding van sy owerhede, verander het, hulle verbied het om selfs 'n bokkraal te maak.[4]

As gevolg van die groeiende antipatie en vyandiggesindheid van die boere, meer bepaald dié van 'n groep ekstremistiese rebelle onder aanvoering van 'n seker Louis Pisani , was die Morawiese Broeders verplig om hulle opvoedkundige bedrywighede te staak. Op 29 Julie 1795 is die leraars beveel om Baviaanskloof binne drie dae te verlaat en na Kaapstad of enige ander oord wat deur Hollands sprekende Koloniste bewoon is, te versit.[5] Vanweë hierdie dreigement het die sendelinge dit raadsaam geag om hulle werkkring te verlaat en

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 17.
2. Ibid., 18.
3. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 2.

na 'n hartroerende afskeid het hulle op 31 Julie met twee waens na Kaapstad vertrek. Tot groot verbasing en ontsteltenis van Sluysken en sendingvriende, het hulle op 3 Augustus Kaapstad bereik en, nadat die rede vir hulle vlug bekend was, het die leiers van die Swellendamse rebelle wat toe juis in die stad aanwesig was, die gesag van die onbeskaamde Pisani misken.[1] Na 'n onderlinge beraadslaging het hulle enige van hulle geledere afgevaardig „to assure the Brethren that they should be protected in the event of their returning to Baviaan's Kloof".[2]

Nadat Sluysken die Broeders gelas het om na hulle werkkring terug te keer[3], het hulle dadelik Kaapstad met die eerste die beste geleentheid verlaat en op 12 Augustus hulle verwarde kudde in Baviaanskloof bereik. Op Sondag, 16 Augustus, het die leraars dan weer die openbare godsdiensoefeninge hervat en teen die einde van Oktober kon die skool na 'n periode van drie maande, heropen word.[4]

3. <u>Antipatie van die koloniste en die verwydering daarvan.</u>

(a) Die nuwighede wat ten gevolge van die verandering van die ou beleid van die cujus regio, illius religio ingetree het, is nie dadelik deur almal goed begryp nie. So skyn dit of die kerkrade van Stellenbosch en Kaapstad blykbaar nie bewus was van die brief wat die Here Sewentien op 22 Desember 1791 aan die goewerneur aan die Kaap gerig het en waarin die Herrnhutterse sendelinge die reg verleen is om 'n gemeente onder die Heidene te stig en die sakramente te bedien op voorwaarde dat hulle hul nie op plase sou vestig waar daar reeds christelike gemeentes bestaan het nie.[5]

Ds. Meent Borcherds, die toenmalige predikant van Stellenbosch, was die mening toegedaan dat teen so 'n verlof geprotesteer moes word. Op voorstel van hom het die Stellen-

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 25.
2. Missions in South Africa, 60.
3. Marais: The Cape Coloured people, 139.
4. Missions in South Africa, 60.
5. Cruse: Die Opheffing van die Kleurlingbevolking, 286-287.

bosche kerkraad op 27 Januarie 1794 die Politieke Raad versoek om „de verdere uitbreiding dier secte mogte worden tegengegaan, en de bewuste Zendelingen ingevolge van dien gelast worden, om zig in zulk een district te begeven, in hetwelke alsnog geene Christelijke gemeijnte was opgerigt".[1] Twee lede van die kerkraad, ouderling Jan Groenewald en diaken J.N. Desch, het formeel teen die meerderheidsbesluit geprotesteer en die volgende redes aangevoer om hulle argumente te staaf:

(i) Die sendelinge is met uitdruklike goedkeuring van „den E. Achtb. Politieken Raad ook presumptief met approbatie van Hunne HoogEd. de E. E. Commissarissen aldaar zijn geplaast geworden, alverre genoeg verwijderd van de Kerk van Stellenbosch";

(ii) Hulle is stil en vredeliewend van aard sonder om enige poging aan te wend „om onder de Christenen proselijten te maaken", en

(iii) Indien hulle hul teenwoordige standplaas moes verlaat, sou hulle verplig wees om hulle buite die grense onder „de caffers souden moeten begeeven", daar oral elders Christene aangetref word wat „tot de eene of andere der Buijtengemeenten"[2] behoort het. Die Politieke Raad het die versoek van die kerkraad egter van die hand gewys.[3]

Hoewel ds. Borcherds nie gediend was met die vestiging van die Morawiese sendelinge binne sy eie gemeente nie, sou 'n mens hom onreg aandoen indien beweer word dat hy die sendingsaak onsimpatiek gesind was. In die daaropvolgende jare het hy wel deur middel van sy houding getoon „how sincerely he sympathised with and supported all efforts to bring the Gospel to neglected slaves and ignorant Hottentots", maar op hierdie stadium „he was still dominated by the idea of one common religion for South Africa".[4] Vandaar dat hy die gelui van 'n klok in Baviaanskloof, wat volgens hom in Stellenbosch gehoor kon word, nie kon gedoog nie en die Politieke Raad versoek het om dit stop te sit.[5] Hoewel Borcherds van mening was dat sending-

---

1. Spoelstra: Bouwstoffen, Deel 2, 410.
2. Ibid., 411.
3. Moorrees: Die NederduitseGereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, 370.
4. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 75.
5. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 21.

werk slegs deur die Nederduits-Gereformeerde Kerk en nie deur genootskappe behartig moes word nie, het hy in hierdie opsig gedwaal deur nie in te sien dat, waar die kerk in gebreke gebly het om aan sy roeping as Sendingkerk te beantwoord, hy geen reg gehad het om ander te verhinder om te doen wat hy self nie wou, of nie kon behartig nie.[1)]

Omstreeks 1794 het ds. Michiel Christian Vos, die geestelike opvolger van Van Lier, uit Europa teruggekeer en is in dieselfde jaar nog tot predikant van Rodesandskerk benoem.[2)] By sy vertrek na sy nuwe werkkring, maak hy egter van die geleentheid gebruik om die Morawiese sendelinge ter bevordering van die saak asook uit naam van enige Bewindhebbers en enkele lede van die Klassis by die goewerneur aan te beveel. Die toenmalige kommissaris-generaal, Abraham Josias Sluysken, het hieroor sy blydskap te kenne gegee, want hierdie rus- en vredeliewende mense moes baie vervolging verduur van diegene wie se amp hulle eintlik moes noop om die Evangelie aan die Hottentotte te verkondig.[3)] Met die verskyning van Vos het die Piëtisme aansienlik veld gewen onder die boerebevolking, maar dit het wel nie sonder teenkanting plaasgevind nie.

(b) Dit was egter nie die enigste teenstand wat die sendelinge ondervind het nie. Herhaaldelik moes hulle oor die vyandiggesindheid van sommige boere kla. Sommige van hierdie klagtes was stellig oordrewe, terwyl andere weer op misverstand berus het. Gerugte soos die gevangeneming en verbanning van die sendelinge en hulle volgelinge na Batavia[4)], die uitdelging van die Baviaanskloof-neersetting[5)], komplotte om die sendelinge te vermoor of om hulle met gifpyle te skiet[6)] en ander soortgelyke verhale, sou nie maklik die toets van 'n noukeurige ondersoek kon deurstaan nie. Du Plessis in sy werk, „Chris-

---

1. Moorrees: Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, 1652-1873, 371.
2. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 27.
3. Moorrees: t.a.p., 370.
4. Smith: The History of Missionary Societies, Deel 1, 210.
5. Ibid.
6. Barnard, Lady Anne: South Africa a Century Ago, 170.

tian Missions in South Africa", wyt die toestand van gespannenheid tussen die koloniste en die sendelinge enersyds aan natuurlike suspisie van die koloniste en andersyds aan die ietwat enge uitkyk van die sendelinge.[1] So het die boere enige arbeid wat in verband met geestelike opheffing van die Hottentotte gestaan het, met agterdog bejeën omdat hulle self in ʼn toestand van geestelike en verstandelike verwaarlosing verkeer het. Baie koloniste was derhalwe gladnie instaat om te kan lees of skrywe nie en nog minder kon hulle daarin slaag om onderwysers te bekom. Dit verbaas ons dus gladnie dat Pisani, die leier van die ekstremistiese rebelle, in sy dreigende proklamasie die volgende besluit ingesluit het nie:

> „We will not permit any Moravians to live here and instruct the Hottentots; for as there are many Christians who receive no instruction, it is not proper that the Hottentots should be taught; but they must remain in the same state they were before".[2]

Lichtenstein wat die Piëtisme onsimpatiek gesind was, is daarenteë weer van mening dat die gevoelsgodsdiens van die Broeders die boere geïrriteer het omdat dit met hulle streng Calvinistiese opvattinge gebots het.[3]

Ook het ons opgemerk dat na die hervatting van sendingwerk te Genadendal daar ʼn voortdurende toestroming van Hottentotte na die sendingstasie plaasgevind het. So het Baviaanskloof dan ʼn ware rendezvous vir ledige en rondswerwende Hottentotte geword wat geweier het om langer vir ʼn eie bestaan op die boereplase te werk. Was dit nie vir die strenge dissipline wat deur die Broeders uitgeoefen is en die arbeidsmaatreël wat deur hulle toegepas is nie, sou die vermeerdering van sulke ongewenste elemente gewis rampspoedig geblyk het.[4] Alhoewel die sendelinge altyd ferm opgetree en misdadigers aan die ge-

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 77.
2. Holmes: Historical sketches of the Missions of the United Brethren, 402.
3. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805, 1806, 188.
4. Du Plessis : t.a.p., 78.

reg oorgelewer het[1], kan dit nie ontken word nie dat Baviaanskloof 'n gesogte skuilplek was waar diegene wat hulle aan veediefstal en moord skuldig gemaak het, hulle kon versteek het.

Toe die Swellendamse Nasionaliste in Julie 1795 in opstand teen die regering gekom het, het die gevoelens van die rebelle so hoog geloop dat daar selfs sprake was dat die sendingstasie spoedig gesluit sou word.[2] Die verklaring vir 'n dergelike gerug moet veral gewyt word aan die feit dat daar so baie Hottentotte vanuit Swellendam na Baviaanskloof verhuis het. As gevolg van die gebrek aan werkvolk, het Theunis op 17 Julie 1795 die sendelinge meegedeel dat hulle die Swellendamse Hottentotte na hulle tuistes terug moes stuur om sodoende die Nasionaliste in 'n mate tevrede te stel.[3] Waar die verhouding nou van weersye so gespanne was, verbaas dit ons glad nie dat daar gedurig misverstand tussen die sendelinge en boere ontstaan het nie.

(c) Andersyds moet daar ook op gewys word dat dee sendelinge baie min gedoen het om die wantroue waarmee hulle gemoeid was, te verwyder of te verminder. So beweer die geskiedskrywer Schneider dat hierdie gesante van die kruis in 'n baie klein wêreld geleef het en gevolglik het daar net drie dinge vir hulle bestaan: "a risen Saviour, their Hottentots, and their Church in the homeland".[4] Gevolglik het hulle die boere in die omgewing altyd met wantroue bejeën en selfs die onskuldigste dade in 'n ernstige lig beskou. Wanneer die boere hulle vriendelikheid betoon het, is dit as 'n masker van huigelary bestempel waaragter hulle hul valsheid, wantroue en verbittering wou verberg. So het Marsveld weens sy fynbesnaarde geaardheid selfs ds. Vos as te amptelike en predikantagtig beskou en tog was hy 'n ware Piëtis wat hulle saak by die goewerneur bepleit en herhaaldelik blyke van belangstelling

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 78.
2. Marais: The Cape Coloured People, 138.
3. Ibid., 139.
4. Du Plessis: t.a.p., 78.

in hulle werk getoon het.[1] Indien ds. Vos dan vir so 'n lang tyd met wantroue bejeën is, is dit baie seker dat die sendeling op die res van die koloniste met soiets as vrees moes neergesien het „and in such an atmosphere of mutual mistrust all feelings of neighbourliness and tolerance must soon have been extinguished".[2]

As gevolg van die verskyning van die Britse vloot in Valsbaai in Junie 1795 en die vermoede van 'n onmiddellike inval, het die Swellendammers hulle griewe vir 'n oomblik vergeet, alleryl na Kaapstad gehaas en saam met Duitse huurtroepe en 'n afdeling Pandoere die Britse invallers die hoof gebied. Op 16 September 1795 het die Britte die Kaap verower en ooreenkomstig die oorgawe van Rustenburg is die Kaapkolonie onder Britse bestuur gestel.[3] Op hierdie wyse het die rebelle weer tot vrede geraak en in die daaropvolgende jare het die verhouding tussen die boere en die sendelinge aansienlik verbeter.

4. <u>Groei en uitbreiding tydens die Eerste Britse Besetting, 1795-1803</u>.

(a) Gedurende hierdie periode is sendingwerk met erns aangepak en as gevolg van die versekering van die Britse owerhede dat „hunne arbeid.....altoos beschermd (zouden) worden",[4] kon die sending van die Morawiese Broederkerk vir die eerste maal behoorlik wortel skiet.

Die politieke krisis was 'n saak van die verlede en die Britse militêre bevelhebbers het 'n ferme houvas op die administrasie van die land uitgeoefen sonder om die voorregte wat die koloniste geniet het, aan te tas. Die omswerwende rebelle wat die land verontrus en die sendelinge baie kommer veroorsaak het, is oorreed of verplig om na hulle tuistes terug te keer.[5] Weliswaar het daar nog af en toe wrywing tussen

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 78-79.
2. Ibid., 79.
3. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 62.
4. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A. 1737-1806, 25.
5. Du Plessis: t.a.p., 81.

die blankes en die sendelinge in verband met die kwaadwillige diensverlating van werkvolk[1] of vernieling van gesaaides of weivelde van die naburige boere deur herderlose skape en beeste[2], ontstaan, maar oor die algemeen het alle antipatie met verloop van tyd verdwyn en die eredienste of ander feestelike geleenthede is op heel belangstellende wyse deur die eertydse vyande bygewoon.

As gevolg van die beskerming wat die Hottentotte tydens die Britse besetting geniet het, het daar 'n geweldige toestroming van gekleurdes na die sendingstasie plaasgevind en volgens die opgawes van die sendelinge was daar teen die einde van 1795 reeds 300 siele woonagtig.[3] Hierdie getalle het jaar na jaar aangegroei en aan die begin van 1798 was daar al meer as 800 siele wat in„150 hutten en bondhokken of ook kleine huisjes"[4] gewoon het. Teen die einde van 1799 het die aantal inwoners op meer as 1234 siele te staan gekom en, alhoewel hulle getalle deur die maagkoorsepidemie van 1800-1801 en gebrek aan lewensmiddele as gevolg van droogte en oorstroming omstreeks dieselfde tyd aansienlik uitgedun is,[5] het die aantal ingesetenes aan die einde van 1802 sowat 1000 getel.[6] Von Bouchenroeder wat Baviaanskloof in 1803 besoek het, vertel dat die neersetting so uitgebrei het dat daar ongeveer 200 huisies of hutte oor die hele vallei verspreid was. Elke huisgesin het voorts nog 'n groentetuintjie van sowat 25 by 15 tree asook 'n groot stuk koringland vir gemeenskaplike bewerking tot hulle beskikking gehad.[7] Diegene wat eerste by die Morawiese Broeders aangesluit het, het natuurlik die gesogste eiendomme aan die boonste end van die vallei naby die kerk bewoon en hierdie huise en tuine het besonder net

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 28.
2. Ibid., 32.
3. Ibid., 27.
4. Ibid., 33.
5. Ibid., 37-40.
6. Missions in South Africa, 71.
7. Von Bouchenroeder: Reizen in de Binnenlanden van Z.A., 93.

en gerieflik daar uitgesien.[1]

(b) Vanweë die geweldige toestroming het die oorspronklike geboutjie wat vir kerk- en skooldoeleindes gebruik is, glad te klein geword. Hierdie akkommodasieprobleem het eerw. Marsveld met die welwillende generaal Craig bespreek en op 3 Desember 1795 het die sendelinge verlof ontvang om 'n „verzamelingshuis" op te rig.[2] Nadat die fondament met behulp van die vrouens en kinders gegrawe is, is die hoeksteen op 14 Desember onder blyke van groot belangstelling gelê. Die gebou, 60 by 18 voet met 'n kamer van 16 voet lank aan elke end, is weens die afwesigheid van die meeste mans met behulp van vrouens en kinders en slegs een messelaar voltooi. Volgens mededelings van die sendelinge het hierdie handlangers almal gratis hulle arbeid ontvang.[3] Toe die versamelhuis op 24 Maart 1796 ingewy is, was daar soveel belangstellendes dat die meeste weens „weinige banken" op die vloer moes plaasneem.

Vanuit die staanspoor is die Hottentotte bymekaar gemaak „and were being instructed in the truths of Christianity as well as how to live by the labours of their hands".[4] As gevolg van die kragtige werking van die Heilige Gees onder diegene wat voortdurend onder die geklank van Gods Woord verkeer het, het die aantal dopelinge teen 1795 op 34 te staan gekom.[5] Die behoefte aan kerkdienare het nou 'n dringende noodsaaklikheid geword en ten tye van die inwyding van die „versamelhuis" is dan ook vir die eerste maal twee kerkdienare, Jakob en Martha, aangestel.[6]

---

1. Barrow: An account of Travels into the interior of Southern Africa, Deel 1, 309.
2. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal, 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 2.
3. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A. 1737-1806, 27.
4. Ibid.
5. Theal: The Nineteenth Century Series, Progress of South Africa, 18.
6. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 27.

(c) Omstreeks 1798 het die Morawiese Broeders te Baviaanskloof hulle vernaamste moeilikhede te bowe gekom en, vanweë die merkbare vooruitgang wat reeds te bespeur was, het die Direkteure te Herrnhut besluit dat die tyd ryp was om hulle sendingbedrywighede aan die Kaap te reorganiseer.[1] Met die oog hierop het hulle John Phillip Kohrhammer as superintendent na Suid-Afrika gestuur. Die aankoms van Kohrhammer en sy gade op 20 Mei 1798, het alle ingesetenes van Baviaanskloof tot groot blydskap gestem. Van hierdie egpaar verneem ons dat eersgenoemde naas sy veelvuldige kerklike pligte „aan allen arbeid" deelgeneem het, terwyl sy vrou „benewens de waarneming van den huishoud ook aan de zielezorg en het bezoeken der kranken onder de vrouwen"[2] veel aandag bestee het.

Tydens 'n besoek aan goewerneur Macartney i.v.m. die oprigting van 'n kerkgebou, het hy die wens uitgespreek of nie „een der zendelingen op zijne kosten een bezoek bij die in het Noorden levende Boschjesmannen wilde doen"[3] ten einde sendingwerk onder hulle geledere te begin. Eerw. Schwinn wat deur die leraars ter bevordering van hierdie saak afgevaardig is, was van mening dat die Direkteure te Herrnhut in die verband geken moes word en sodoende het hy in 1799 na Duitsland vertrek.[4] Die feit dat die Direkteure besluit het om eerder die sendingpersoneel te Baviaanskloof uit te brei i.p.v. elders 'n ander onderneming aan te pak, dui daarop dat hulle nie baie geesdrif vir die saak gehad het nie.

(d) As gevolg van buitengewone opkomste tydens eredienste het die sendelinge die oprigting van 'n groter kerk sterk oorweeg. Die jaar 1799 was dan ook 'n merkwaardige jaar in die geskiedenis van Baviaanskloof omdat die sendelinge met verlof van die goewerneur daartoe oorgegaan het om 'n kerk

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 81.
2. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 31.
3. Ibid., 32.
4. Ibid.

80 by 40 voet op te rig wat sitplek aan 'n gehoor van ongeveer 1000 mense sou bied.[1] Hierdie eerste kerkgebou waarvan die hoeksteen op 8 Januarie 1799 gelê is, is persoonlik deur twee van die sendelinge gebou. Die daarstelling van die gebou is veral moontlik gemaak deur middel van fondse wat hulle van die moedergemeente in Herrnhut ontvang het.[2] Van regeringsweë is hulle ook grootliks ondersteun deurdat hulle toegelaat is om twintig wavragte hout in die regeringsbosse te kan kap.[3] Ook die Hottentotte en hulle kinders het ywerig meegehelp om sowat 200,000 bakstene te vorm. Alle dienste i.v.m. die oprigting van die gebou is weer soos voorheen gratis verrig, maar „nu en dan werd hun eene maaltijd bereid, waaraan gewoonlijk bij de 200 deelnemen".[4] Hierdie kerkgebou wat op 8 Januarie 1800 plegtig ingewy is, word as volg deur Lichtenstein in sy reisjoernaal gekenskets:

> „It is a simple, neat quadrangular edifice, but the roof is too steep, and carried up to too sharp a ridge: this was done to give height to the building, and render it more conspicuous. Within are two rows of benches, and a simple pulpit; the utmost simplicity is, indeed, observable in every part of the building but at the same time the due proportions are exceedingly well observed, and the workmanship is extremely neat. The timbers are all of sumach wood, the yellow tint and polish of which gives a sort of simple elegance to the appearance of the whole".[5]

Deur die indiensneming van hierdie godshuis is 'n langgekoesterde ideaal derhalwe verwesenlik.

(e) Daar die Morawiese Broeders nie dieselfde geesdrif soos sendelinge van ander genootskappe i.v.m. die bekering van heidene aan die dag gelê het nie, spreek dit vanself dat die aantal dopelinge stadig toegeneem het.[6] Wanneer ons dan verneem dat die aantal dopelinge teen die einde van 1799 op

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 32.
2. Barnard, Lady Anne: South Africa a Century Ago, 190.
3. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803,1804,1805,1806, 191.
4. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 32.
5. Lichtenstein: t.a.p., 190-191.

232[1] te staan gekom het, is dit vir ons duidelik dat hulle nie slegs proseliete wou maak nie, maar hulle inderdaad daarop toegelê het om langs diepgaande weë die koninkryk van God uit te brei. Om die geestelike welvaart van die onkundige Hottentotte te bevorder, was meer arbeiders 'n noodsaaklike vereiste. Ten einde hierdie geestelike nood te lenig en terselfdertyd die invloedsfeer van die sending in die Kaapkolonie uit te brei, het die Direkteure besluit om die aantal werkkragte te vergroot. Op 30 Mei 1800 het dan die volgende vyf sendelinge in Baviaanskloof aangekom t.w. eerw. Christiaan Rose en sy gade, twee susters ? Schäfer en ? Dressler, wat op 4 Junie met eerww. Marsveld en Kühnel getroud is, en eerw. Schwinn wat met sy vrou uit Duitsland teruggekeer het.[2] Eersgenoemde wat vroeër in Labrador werksaam was, is nou tot superintendent (of voorstander) van die sending in die Kaapkolonie benoem.[3]

Kort na 1800 het daar 'n groot geestelike herlewing onder die christelike gemeente van Baviaanskloof plaasgevind. Volgens die mededeling van een van die sendelinge was die herlewing onder die nuwelinge en kinders veral kragdadig en baie ooglopend. Van smôrens vroeg tot saans laat het soekende siele die sendelinge kom raadpleeg oor die heil van hulle siele terwyl sommige die wens uitgespreek het om gedoop te word. As gevolg hiervan is die eredienste op Sondae so goed bygewoon dat die kerk gewoonlik met sowat 1000 tot 1200 toehoorders gepak was.[4]

Die morele opvoeding wat onafskeidelik met die godsdienstige gepaard gaan, is erg ondermyn deur die aanwesigheid van die Engelse soldate te Zoetemelksvlei. Hierdie manskappe het die „jonge meisjes en vrouwen van Baviaanskloof tot slecht en

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie van Z.A., 1737-1806, 33.
2. Du Plessis: Christian Missions in S.A., 83; Geschied-Verhaal van Genadendal,.......36.
3. Geschied-Verhaal van Genadendal,.......36.
4. Missions in South Africa, 65.

onzedelijk gedrag en ontucht verleidden".[1] Baie van die jongmense het hulle eie sedelike ondergang bewerkstellig, want ondanks alle vermanings, het hulle tog die voetspore van hulle ouers gevolg of alleen in die veld ledig rondgedool en hulle sodoende aan verleiding blootgestel.[2]

(f) Wat die gewone skoolonderrig betref, word hierdie periode ook deur buitengewone vooruitgang gekenmerk. Dit skyn dus of die drie sendelinge van die regte kaliber was om die geweldige taak wat op hulle gewag het, die hoof te bied.

Sedert die oorgawe van die Kaap moes die oorspronklike sendinghuis nog 'n geruime tyd as skoollokaal dien. Na die voltooiing van die nuwe „versamelhuis" op 24 Maart 1796, kon die steeds groeiende skoolbevolking vir die eerste maal onder dak gebring word, daar dit nie meer nodig was om met gunstige weer onder Georg Schmidt se peerboom skool te hou nie. Die aantal leerlinge het sedertdien so vermeerder dat dit teen die einde van 1799 die 200-kerf bereik het.[3] Toe die nuwe kerkgebou op 8 Januarie 1800 ingewy is, het die leerlinge wat intussen tot 250 aangegroei het[4] hulle intrek in die godshuis geneem om daar skool te gaan tot tyd en wyl 'n skoolgebou bekostig kon word.

Die gewone skoolonderrig is aanvanklik deur die drie Broeders behartig totdat die arbeidskragte deur die aankoms van die Kohrhammers, die familie Rose en die twee susters Schäfer en Dressler versterk is. Maas die gewone skolastiese onderrig en godsdienstige voorligting is daar ook voldoende voorsiening vir handwerk gemaak. Von Bouchenroeder deel ons in hierdie verband mee dat „De Broeders onderwijzen de Hottentotten in den Godsdienst, het lezen en schrijven, en de vrouwen der zendelingen onderrichten de Hottentotsche meisjes in het naai-

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 30.
2. Ibid.
3. Ibid., 33.
4. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van het werk in de school te Genadendal 1737-1814 en 15 Julie 1814-15 Julie 1914, 2.

jen, breijen en ander huisselijke werkzaamheden".[1] Hierdie onderrig is daagliks gegee en twee of drie maal per week is kerk gehou.

(g) Wat vakonderrig betref, was die sendelinge uitstekend toegerus daar elkeen van hulle vir 'n besondere ambag opgelei was. Omdat hulle verheerlikers van die filosofie van die na-Iewe graaf Rumford was, was hulle grootste doelstelling „that of making men happy, that they might afterwards become virtuous".[2] Om hierdie voorligting derhalwe behoorlik te kan benut, was die sendelinge verplig om heelwat fasiliteite in die verband te skep.

Aan die begin van 1797 is 'n klein geboutjie wat as smidswinkel kon dien, opgerig. Kühnel, die bekwame messmid, het hom veral op die vervaardiging van wingerdmesse en gewone knipmesse toegelê. Weens die gebrek aan ruimte en doeltreffende gereedskap, is slegs vier Hottentotte as vakleerlinge in diens geneem. Solank as wat hulle die beroep geleer het, het hulle geen betaling ontvang nie, maar sodra hulle die ambag geken het, is hulle per dag en later per mes betaal.[3] Die gehalte wingerdmes wat in Baviaanskloof vervaardig is, het spoedig 'n besondere goeie afset onder die wynboere geniet,[4] terwyl die knipmesse wat besonder sterk en mooi afgewerk was, as gevolg van hulle gewildheid vir een tot anderhalf riksdaler verkoop is.[5] Weens die gebrek aan gereedskap en die probleem om nuwe voorrade vanuit Europa in te voer, was die instrukteur dikwels verplig om nuwe gereedskap self te vervaardig.

Barrow maak ook melding van ander huisindustrieë soos die vervaardiging van matte en besems.[6] Hierdie artikels

---

1. Von Bouchenroeder: Reizen in de Binnenlanden van Z.A., 93.
2. Barrow: An account of the travels into the interior of Southern Africa, Deel 1, 311.
3. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 & 1806, 191-192.
4. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 80.
5. Lichtenstein: t.a.p., 191.
6. Barrow: t.a.p., 309.

waarvan die afwerking besonder net was, is meestal deur besoekers en boere op naburige plase gekoop.

'n Ander noemenswaardige industrie wat in Baviaanskloof teen die einde van die eeu verrys het, was die ou veelbesproke watermeul. Omdat geen bekwame meulbouer gevind kon word nie, het eerw. Marsveld, wat 'n meulenaar van beroep was, op eie inisiatief 'n meul volgens Europese styl opgerig. Volgens die mededelings van die eerste sendelinge verneem ons dat dit op 22 Desember 1797 voltooi is en by hierdie geleentheid kon dan „de eerste zak koorn.....gemalen worden".[1] Die oprigting van die meul en die aanlê van 'n leivoor om die waterwiel te dryf, het as kostelike voorligting vir die arme Hottentotte gedien.

Ook op landboukundige gebied is belangrike voorligting deur die leraars verskaf. Ooreenkomstig die plakreëls wat vir Baviaanskloof gegeld het, het elke neersetter 'n woonerf, 'n besproeibare tuinerf, 'n saailand en die reg om 'n sekere aantal diere aan te hou, gehad.[2] Die verbouing van groente, peulgewasse en vrugtebome in die tuinerwe en die kweking van 'n bietjie koring op die saailande, het onder toesig van eerw. Schwinn wat op sy beurt weer vir die uitreiking van gereedskap en die verskaffing van saad verantwoordelik was, gestaan.[3] Indien arbeidsaamheid en oppassendheid in hierdie verband aan die dag gelê is, is sulke eienaars van hoewes met 'n addisionele stukkie saailand beloon; indien die teenoorgestelde waar is, is sulke nalatigheid met verlies van sekere voorregte gestraf.[4]

Hierbenewens het sommige Hottentotte hulle ook op pluimveeboerdery toegelê, terwyl ander 'n bestaan deur die aanhou van beeste, skape en perde gevind het.[5] Op hierdie wyse het die Hottentotte langsamerhand hulle nomadiese leefwyse kwyt ge-

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 29.
2. Verslag van die Kommissie van Ondersoek insake die Kaapse Kleurlingbevolking van die Unie (1937), 350.
3. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 & 1806, 193.
4. Ibid., 193.
5. Barrow: An account of the travels into the interior of Southern Africa, Deel 1, 310.

raak en gaandeweg 'n meer gevestigde landboukundige bestaan begin voer.

Alhoewel die eerste drie gesante die beste bedoelings i.v.m. die skepping van bovermelde fasiliteite gekoester het, het hulle skynbaar alles sonder medewete en toestemming van die Direkteure in Herrnhut verrig. Toe die moedergemeente skielik versoek word om 'n uitstaande bedrag van sowat £700, synde uitgawes vanaf die begin van die sending insluitende die oprigting van die kerk, te betaal, het die Direkteure nie alleen hulle misnoeë te kenne gegee nie, maar ook eerw. Rose versoek om onmiddellik te besuinig. Deur die verkwisting i.v.m. die huislike ekonomie teë te gaan en die finansiële posisie van die sending op 'n gesonde grondslag te plaas, het hy daarin geslaag om 'n gees van eenstemmigheid tussen die Direkteure en die sendelinge oor hierdie brandende vraagstuk te bewerkstellig.[1)]

Nietemin was Baviaanskloof tussen die jare 1795 tot 1803 die middelpunt van alle christelike belangstelling. Ds. Vos, lady Anne Barnard, Barrow, dr. Van der Kemp, en generaal Dundas wat die sendingstasie persoonlik kom besoek het, „were greatly impressed by what they saw and heard, and the favourable reports which they spread were of great benefit to the mission cause in South Africa".[2)]

Ooreenkomstig die verdrag van Amiens (1802) is die Kaap aan die Bataafse Republiek teruggegee. In Februarie 1803 was die nodige formaliteite voltooi en die Kaap het weer 'n Hollandse besitting tot groot vreugde van die oorgrote meerderheid van die koloniste geword.[3)]

5. Belangstelling van die Bataafse Bewindhebbers i.v.m. die verhoging van die beskawingspeil van Hottentotte en Pandoers, 1803-1806.

(a) Alhoewel kommissaris De Mist en goewerneur Janssens reeds op 22 Desember 1802 Tafelbaai binne geseil het, het nog

---

1. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 83 en 86.
2. Ibid., 83.
3. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 95.

twee maande verloop alvorens die driekleur van die Bataafse Republiek op die kasteel gehys is.[1] Vanuit die staanspoor het die twee humane, verstandige en bekwame manne pragtig saamgewerk ten einde hulle hoë ideale te bereik. Beïnvloed deur Barrow se amptelike verslae en die idees van Rousseau, het hulle die inboorlinge as onskuldige natuurkinders beskou wat ten gevolge van afsondering in 'n toestand van barbaarsheid verval het en derhalwe teen die onmenslike behandeling van grensboere beskerm moes word. Ten einde persoonlik op hoogte van sake te kom, het Janssens sowel as De Mist besluit om 'n uitgebreide inspeksietog deur die Kolonie te onderneem.

Die opvoedkundige bedrywighede van die Morawiërs te Baviaanskloof het op beide van hulle 'n gunstige indruk gemaak vanweë die sindelikheid wat hulle daar aangetref het. Na 'n onverwagte besoek aan die sendingstasie aan die begin van April 1803, getuig die goewerneur hieromtrent as volg aan kommissaris De Mist:

> „De Hottentotten kwamen uijt nieuwsgierigheid ons zien, de jeugd schaarde zig aan de deur der Zendelingen de jongens ter eene en de meisjes ter andere zijde, en zongen geestelijke liederen zoo schoon dat ik hetzelve zoodanig vond".[2]

Nadat hy 'n openbare godsdiensoefening bygewoon en 'n geleentheid gehad het om ongeveer „4 a' 500 jongens en meisjes van 14 a'15 jaaren"[3] op 'n feestelikheid te trakteer, het hy aan die hand gedoen „dat ten hunne opzigten niets uijt zijn geheel moet gebracht worden", maar volgens die idee van De Mist, „dezelve krachdadig te beschermen".[4] Voorts verneem ons ook dat die goewerneur so ingenome met die sendingwerk was dat hy 25 riksdalers aan die kinders geskenk het. Om hierdie geskenk goed en tot voordeel van die kinders te benut, het die

---

1. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 95.
2. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Z.A. in de Hollandse Tyd, Deel 3, 207;
   Molsbergen, Reizen, Deel 4, 220.
3. Blommaert & Wiid: D.G. van Reenen se Joernaal, 1803, 20.
4. Theal:t.a.p.,207.

leraars besluit om hulle op 'n goeie maaltyd te trakteer waarvoor „vier varken geslacht, een bushel perzieken en een bushel boontjies.....gekookt, en tien grote broden gebakken", is.[1]

Ook De Mist het met hoë lof gewag gemaak van die werk wat deur die sendelinge verrig is. Toe hy Baviaanskloof op Sondag, 4 Desember 1803, 'n besoek gebring het,„waren eenige Hottentots meisjes en jongens verzameld, die hun met een aangenaam choormuziek ontvingen".[2] As blyk van waardering vir hulle dienste aan die volksplanting gelewer, het die kommissaris die regering versoek om die bestuurders van die „Instituut der Evangelische Broederen, tot beschaving en onderwys" 'n geskenk van 250 riksdalers aan te bied ten einde „hunne loflijke pogingen te ondersteunen".[3]

Alhoewel die neersetting aan die Kaap in die hande van die Bataafse regering oorgegaan het, het die politieke verandering die vooruitgang van die sending op opvoedkundige gebied geensins gestrem nie.

Ten spyte van die feit dat hierdie neersetting nog slegs elf jaar oud was, is daar heelwat vordering gemaak aangaande die kerstening en opheffing van die Hottentotte tot volwaardige burgers van die land. Ten einde hierdie primêre beginsels te verwesenlik, het die Herrnhutters getrag om eers van die inboorlinge mense èn daarna Christene te maak.[4] Dat op hierdie gebied veel vooruitgang gemaak is, blyk uit die feit dat die ongeveer 1100 siele wat omstreeks die einde van 1803 aan die oewers van die Baviaansrivier woonagtig was,[5] geleer het om in gerieflike huisies of kleihutte te woon, hulself te klee, landbou en tuinbou te beoefen en 'n christelike lewe te lei.

---

1. Schmidt: Terugblik op het begin en de voortgang van de school te Genadendal, 3.
2. Theal: Belangrijke Historische Dokumenten over Z.A. in de Hollandse tyd, Deel 3, 146.
3. Resolutiën, Raad der Politie, 8 Mei 1804, B.R.7, 1607.
4. Molsbergen: Reizen, Deel 4, 220.
5. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 & 1806, 189;
   Van Reenen beweer: „Het getal der vrouwen en kinderen, volgens opgaan der Herrnhutters zelve was 1200 stuks". Sien Blommaert en Wiid, D.G. van Reenen se joernaal, 1803, 20.

Alhoewel ledigheid en onsedelikheid soms met verlies van voorregte gepaard gegaan het, het die Morawiese Broeders daarin geslaag „to maintain that good order and decorum which are among the best practical results of missionary labours".[1] Dr Lichtenstein skryf die verbetering van die onbeskaafde heidene veral aan die sagtheid tog waardige wyse van optrede van die sendelinge toe. In hierdie verband getuig as volg: „It is the more astonishing, since all has been accomplished by persuasion and exhortation, no violence or even harshness, has even been employed. No other punishment is known but being prohibited from attending divine service, or being banished the society; but it is very rarely that they are obliged to have recourse to these things, only when repeated exhortations and remonstrances have failed, and a determined perverseness of disposition appears, which cannot otherwise be subdued".[2] Die hoogste beloning vir ywerigheid en goeie gedrag was om gedoop en daarna in die samelewing opgeneem te word. Dit skyn vir ons of sulkes baie skaars was, want ten tye van sy besoek was daar slegs 50 dopelinge. Verder verneem ons dat buitengewone toegewyde dopelinge gewoonlik tot ouderlinge en diakens verkies is en, wanneer hulle dan dergelyke onderskeidings te beurt geval het, het hulle daartoe oorgegaan om vir hulle huise te bou wat geensins minderwaardiger as dié van die grensboere was nie.[3] Ook het hierdie groepie gekerstendes die aaklige heidense ideologie van naaklopery afgelê en volgens die mededelings van bovermelde reisiger „The men are clothed like the peasants in linen jackets and leather small-clothes, and wear hats; the women have woollen petti-coats, cotton jackets with long sleeves, and caps".[4] Alhoewel die sendelinge omstreeks hierdie tyd geen verdere naaklopery toegelaat het nie, het die laer klasse nog steeds velle gedra, maar hulle is verplig om

---

1. Burchell: Travels in the interior of Southern Africa, Deel 1, 108.
2. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 & 1806, 192-193.
3. Ibid., 193.
4. Ibid.

hulle liggame en klere skoon te hou.[1]

ŉ Faktor wat baie remmend op die geestelike vooruitgang van die christelike gemeente gewerk het, moet veral toegeskrywe word aan die feit dat daar nog etlike ingesetenes was, wat kwalik Plat-Hollands kon begryp. Nieteenstaande die gebrekkige taalkennis waarin alle onderrig geskied het, was die uitbreiding van hulle kennis aangaande Gods Woord eenvoudig merkwaardig. Alhoewel hulle tydens dienste betreklik min van die betekenis van die gesproke woord kon snap, het hulle woorde en dade getuig dat die bywoning van dienste nie tevergeefs was nie en dat die Heer Sy saligmakende Woord aan die eenvoudige hart kan openbaar.[2] Besonder bemoedigend in hierdie verband was veral die uitstappies wat doop- en avondmaal-kandidate op eie inisiatief op Sondagaande na die omringende berge onderneem het, alwaar hulle die boodskap van die môre bespreek en uit dankbare erkentlikheid gesange gesing het waarvan die melodieuse klanke ver oor die vallei heen weerklink het.[3]

Andersyds is die vooruitgang ook dikwels gestrem deurdat sommige Hottentotte die gewoonte gehad het om vir lang periodes die sendingstasie te verlaat om as veewagters, houtkappers of wadrywers op boerplase diens te doen. Sulke afwesigheid het die geestelike bearbeiding van die heidene ernstig belemmer en gevolglik het die sendelinge hulle sterkste afkeuring hierteenoor te kenne gegee omdat hulle gevrees het dat in baie gevalle ŉ snelle morele verwording, veral onder die mans wat soms maande aaneen van hulle supervisie verstoke was, sou plaasvind.[4]

Nieteenstaande dit was die geestelike arbeid van die kruisgenote geensins vrugteloos nie en aan die einde van 1805 het die christelike gemeente tot 469 siele aangegroei waarvan 94 avondmaalgangers, 21 avondmaalkandidate, 131 gedoopte volwas-

---

1. Lichtenstein: Travels in Southern Africa in the years 1803, 1804, 1805 & 1806, 193.
2. Missions in South Africa, 67.
3. Ibid., 72.
4. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 88.

senes, 132 gedoopte kinders en 86 gedoopte kandidate was.[1]

Alhoewel De Mist in sy Memorie die noodsaaklikheid vir 'n beter onderwysstelsel benadruk en in sy Skoolorder van 1804 vir 'n Onderwysraad voorsiening gemaak het, was Suid-Afrika nog lank nie vir onsektariese onderwys ryp nie. Weliswaar het hy veel aandag gewy aan die onderwysnood en behoeftes van die slawe en Hottentotte, maar vanweë die kortstondigheid van die Bataafse bewind, kon die nuwe administratiewe masjinerie nie behoorlik funksioneer nie.[2] Gevolglik het die onderwys van die Hottentotte te Baviaanskloof onder die beheer van die Morawiese sending gebly en soos voorheen het die sendelinge hulle gedurende die dag met gewone letteronderrig en elementêre onderrig in handwerk besig gehou.[3]

Tot dusver het die sendingstasie te Baviaanskloof nog geen onderskeidende naam gedra nie en, as gevolg van die verwarring met ander plekke vanweë dieselfde naam, is die stasie vroeg in 1806 op aanbeveling van goewerneur Janssens tot die meer aantreklike naam, Genadendal, verdoop.[4]

(b) Gedurende die Bataafse bewind het die kommissaris-generaal in samestemming van die goewerneur, in Augustus 1804 sy uiterste bes gedoen om die Herrnhutters te Baviaanskloof te beweeg om een van hulle geledere na Wynberg te stuur waar 'n afdeling Pandoers[5] gestasioneer was, ten einde die manskappe met hulle vroue en kinders in „behoorlijken tucht te houden en ook met godsdiensoefeningen te bezorgen".[6] Sy versoek het nie op dowe ore geval nie en so is die broeder J.P. Kohrhammer na die Hottentotkamp gestuur waar hy voldoende geleentheid gehad het om sy roeping as sendeling te beoefen en nuttige beskawings-

---

1. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 45.
2. Van der Heever en De. V. Pienaar: Kultuurgeskiedenis van die Afrikaner, Deel 2, 308-309.
3. Du Plessis: A History of Christian Missions in South Africa, 85.
4. Theal: History of South Africa, 1795-1834, Deel 3, 89; Du Toit: Onderwys aan die Kaap onder die Bataafse Republiek, 147.
5. Benewens die 400 Hottentotte was daar nog sowat 500 vroue en kinders.
   Du Plessis: t.a.p., 86.
6. Geschied-Verhaal van Genadendal,.......40.

werk te verrig. Die militêre kapelaan en sy gade het 'n woonhuis tot hulle beskikking gehad, maar alle godsdiensoefeninge moes in 'n groot tent waargeneem word.

Volgens 'n uittreksel uit sy dagboek blyk dit dat die Hottentotkorps elke môre om halftien voor die woonhuis van die sendeling kom aantree het en, nadat hulle in drie afdelings verdeel is, het hulle na bovermelde tent marsjeer om daar vir oggendgodsdiens te vergader.[1] Met behulp van sy vrou, was hy ook instaat om 'n skool te open wat deur meer as twintig kinders bygewoon is.[2]

Toe daar teen die einde van 1804 weer 'n Britse aanval verwag is, het die goewerneur beveel dat alle vroue en kinders na Baviaanskloof moes vertrek. Hierdie oorplasing het die lot van die sendeling aldaar geweldig bemoeilik omdat „er velen daarby waren, die hun onbekend waren en die ook niets van het Woord Gods hielden".[3] Na die verdeling van die Hottentotkorps ten einde die kuste van die Kaapse Skiereiland beter te bewaak, het eerw. Kohrhammer na Baviaanskloof vertrek om die plek van eerw. Rose, wat op 12 Oktober 1804 oorlede is, te vul.[4]

Toe die gevaar van 'n dreigende aanval skynbaar verdwyn het, is hy versoek om sy gewaardeerde arbeid onder die Pandoers te hervat. Tot groot vreugde het hy by sy aankoms op 26 Mei 1805 ontdek dat sy prediking en getuienis omtrent Jesus nie tevergeefs was nie. In sy dagboek maak hy dan ook melding van gevalle soos Anne Rosau, Dikkopip, Andrew Arnold en verskeie ander mans en vrouens wat hul sondige lewens voor hom kom bely en hom om voorligting kom smeek het.[5]

Die verskyning van die Britse vloot op 2 Januarie 1806 en die daaropvolgende aanval en verowering van die afdeling Pandoers sewe dae later, het tot die plundering van die militêre kamp deur rondlopers, slawe en drosters gelei. Vanweë

---

1. Missions in South Africa, 81.
2. Ibid.
3. Geschied-Verhaal van Genadendal, de Eerste Zendingsstatie in Z.A., 1737-1806, 41.
4. Ibid.
5. Missions in South Africa, 83-85.

die onveiligheid het eerw. Kohrhammer en sy gade die kamp verlaat en skuiling by 'n sekere mnr. ? Von Kerston gaan soek.[1)]

Op 21 Januarie 1806 het goewerneur Janssens gekapituleer en so is die Kaap vir die tweede keer deur Brittanje beset.

---

1. Gie: Geskiedenis vir Suid-Afrika, Deel 2, 122-123.